



# PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein  
Tel. : (051) 522 1371  
www.tjokkies.co.za

22 Januarie 2021

Beste Tjokkie-ouers

Ek wil met my eerste skrywe van die jaar aan u elkeen 'n voorspoedige 2021 toewens. Mag 2021 vir ons almal beter verloop as die jaar wat verby is.

Baie welkom aan elke nuwe Tjokkie-leerder en ouer. Ons hoop julle word sommer vinnig deel van ons skool en sy tradisies. Dankie dat u Tjokkies gekies het as skool vir u kind.

Na aanleiding van verlede Vrydag se aankondiging dat die skole eers weer op 15 Februarie 2021 vir leerders open, net die volgende belangrike punte vir u aandag.

- Die skool beplan steeds om al die leerders gelyktydig te laat skoolgaan. Tot tyd en wyl daar nie verdere voorskrifte deur die Departement van Onderwys bekend gemaak word nie, is dit hoe ons die skooljaar wil afskop.
- Gr. 4 tot gr. 7-leerders se klaslyste sal vanaf Woensdag 27 Januarie op die webwerf en e-platform beskikbaar wees sodat ouers kan sien in watter klasse hul kinders ingedeel is. Gr. 1 tot gr. 3-leerders is reeds verlede jaar na hul nuwe klasse geneem.
- Op Donderdag 28 Januarie sal die klasonderwyser nuwe klasgroepe stig sodat daar vinnig en effektief inligting oorgedra kan word.
- Gedurende die week van 8-12 Februarie sal ouers hul kinders se handboeke en skryfboeke by hek 1 en hek 4 kan kom afhaal om solank oor te trek en voor te berei vir wanneer die skool begin. Aanwysings en verduidelikings van elke vak sal op die e-platform beskikbaar wees. U kan steeds op die e-platform inskakel deur u kind se toelatingsnommer te gebruik. Indien u nuwe ouers is en nog nie geregistreer het nie, gaan na [www.tjokkies.co.za](http://www.tjokkies.co.za) om te registreer. U sal dan 'n epos ontvang met die toelatingsnommer en wagwoord. Indien u nie regkom nie, kontak gerus vir mnr. Ockie Fourie by [ockie@tjokkies.co.za](mailto:ockie@tjokkies.co.za) vir hulp.

## 1. Skooltye

Vir 2021 sal die skooltye as volg wees:

- Grondslagfase (Gr.1-3) begin daaglik stiptelik om 07:45 en verdaag om 13:15.
- Seniorfase (Gr. 4-7) begin daaglik om 07:30 en verdaag om 13:30.

Die onderskeiding is juis getref met die doel om die verkeersvloei en bottelnek by hekke te vergemaklik.

## 2. Sport, Kultuur en ander aktiwiteite

Onder die huidige vlak 3 inperkings word geen sport-en kultuuraktiwiteite tans op die skoolterrein toegelaat nie. Dit beteken dus dat die skool se kleure-atletiek wat beplan was vir Maandag 1 en Dinsdag 2 Februarie afgestel word. Die Tjokkie-Raad opleiding wat op 29 en 30 Januarie sou plaasvind, word ook geskuif na 'n ander datum wat later bekend gemaak sal word. Na verwagting sal daar binnekort meer inligting aan skole beskikbaar gestel word rakende die begin van nie-kontak sportsoorte. Die reëling in terme hiervan kan moontlik verander. Ons hou u op hoogte.

Indien daar wel later met sport-en kultuuraktiwiteite begin mag word, sal dit egter onder streng veiligheidsprotokol plaasvind (o.a. geen toeskouers). Neem egter kennis dat privaat tennisafrigting op die Muddpleinbane steeds voortgaan. Indien u sou belangstel dat u kind daarby inskakel kontak gerus vir Mnr. Sherwan van Jaarsveld by 0736234865.

## 3. Middagstudie

Met die terugkeer van al die leerders sal daar weer 'n volle middagstudiediens beskikbaar wees. Middagstudie sal dus amptelik weer op Maandag 15 Februarie begin. Meer inligting volg later.

## 4. Nuwe aanstellings

Juf. Esbé Louw het aan die einde van 2021 bedank om saam met haar man na Nederland te vertrek vir sy studies. Juf. Rozanne Swanepoel is deur die Beheerliggam in Me. Louw se Gr.3-pos aangestel.

Die Kaalvoetkafée is ook onder nuwe bestuur. Mev. Vicky Dean is deur die Beheerliggam aangestel as die nuwe bestuurder van die Kaalvoetkafée. Sy het baie nuwe planne en idees. Hou gerus die weeklikse nuusbrieff dop vir spesiale aanbiedinge.

## 5. Skooldrag en Klerebank

Skooldrag is verpligtend. Ouers moet asb. seker maak dat hul kinders reg geklee is vir skool, voordat hul die huis verlaat. Leerders met verkeerde skooldrag se ouers sal geskakel word om die regte skoolklere te bring.

Klerebank tye is as volg vir die eerste week voor die skool open:

- Maandag 8 Februarie 2021 (08:00 - 12:00)
- Dinsdag 9 Februarie 2021 (08:00 - 12:00)
- Vrydag 12 Februarie 2021 (12:00 - 14:00)

Ouers moet asb. daarop let dat:

Geen feesdrag sal meer in 2021 op Vrydae gedra word nie. (Dit mag egter steeds na skool gedra word.)

Geen Voortrekkerdrag sal meer op Dinsdae gedra word nie. Dit sal slegs op spesiale geleenthede gedra word.

Sportdrag sal wel toegelaat word op dae wanneer die leerders Liggaamlike Opvoeding het.

## 6. Finansies

Skoolgelde word jaarliks op die begrotingsvergadering wat normaalweg in Novembermaand gehou word deur die ouers wat teenwoordig is, bepaal en goedgekeur vir die volgende jaar. Skoolgelde word per leerder per jaar betaal. Vir u gerief het die Beheerliggaam besluit dat dit oor elf paaie mente betaal kan word. Ons vind dit baie gerieflik as u via die skool se debietorderstelsel betaal. Hiervolgens kan die skool beplan en sy maandelikse verpligtinge nakom. Die eerste paaie ment is reeds betaalbaar aan die einde van Januarie ongeag of die skool begin het of nie. Neem dus kennis dat dit u verantwoordelikheid is om u kind se skoolgeld te betaal.

Dieselfde reëling geld vir Middagstudiegelde indien u daarvan gebruik gaan maak.

## 7. Gr.R Aansoeke vir 2022

Voornemende ouers moet kennis neem dat Gr.R aansoeke vir 2022 reeds vanaf 1 Februarie 2021 ingewag word. Aansoeke sal vervolgens aanlyn ingedien moet word via “Google forms” - die skakel (“link”) sal beskikbaar wees vanaf 00:00 op Maandag 1 Februarie 2021.

***Geen aansoeke sal meer per hand by die skool aanvaar word weens COVID-19 protokol.***

Let wel: Spesifieke toelatingskriteria word gevolg.

Laastens wil ek u bedank vir u samewerking gedurende 2020 met die implementering van al die nodige COVID-19 veiligheidsmaatreëls wat getrou nagekom is. Weet dat ons in 2021 dieselfde samewerking van u gaan verlang. Alle reëls t.o.v. die sosiale afstande, dra van maskers en sanitering van hande sal nog steeds streng toegepas word.

Ons gemeenskaplike doel met die Covid-19 veiligheidsmaatreëls is om te verseker dat al ons leerders en onderwysers veilig en gesond moet bly.

Tjokkie-groete



Neels Gunter  
Skoolhoof.